# SONDAGSKOOL LES: Die Liefde

**Doel van les:**

"Candy Conversation Hearts, wat veral naby aan Valentyns Dag verkoop word, is al vir amper 150 jaar hier. In hierdie les speel ons 'n paar speletjies waar ons hartjies gebruik, asook ander idees om te vertel van God se liefde.

Hierdie les is aangepas uit Creative Youth Ideas.

https://www.creativeyouthideas.com/resources/tag/valentines-day/

***'n Kort geskiedenis:***

*'n Amerikaner genaamd Oliver Chase het 'n lekkergoed masjien in 1847 ontwerp wat lekkers kon sny en 3 jaar later 'n masjien wat suiker fynmaal om lekkergoed te maak. In 1866 het sy broer, Daniel Chase, 'n masjien ontwerp wat kleurstof letters kon druk op lekkergoed hartjies en ander vorms om kort boodskappe te skep. Hulle is heel eerste gebruik by troues, verjaarsdag partytjies en ander vieringe, maar oor die jare het dit sinoniem met Valentysdag geraak.*

**Ysbreker:**

- **Lekkergoed hartjie gooi:** Indien moontlik deel die gesin in twee groepe, of laat elkeen alleen deelneem. Gebruik koppies, bekers en bakkies, en rangskik hulle volgens verskillende hoogtes. Jy kan aan elke houer 'n ander punt toeken. Gee vir elke groepe of individue 5 hartjies en laat hulle van 'n bepaalde afstand probeer om die lekkers in die houers te gooi. Die span of individu met die hoogste telling wen.

- **Hartjie optel speletjie**: Werk weer in die twee groepe of as individue. Elke persoon kry 'n strootjie. Die twee groepe of individue gaan staan nou in twee rye. Plaas ook 'n tafel oorkant elke ry. Op elke tafel is daar twee bordjies. Gooi in die een bordjie lekkergoed hartjies. Die idee is dat elkeen 'n beurt kry om soveel hartjie lekkers as moontlik van die een kant na die ander kant te beweeg deur die lekkers met die strooitjie vas te suig en te beweeg. Die groep wat die meeste hartjies kan oordra van een bordjie na die ander in 'n minuut se tyd, die speletjie wen.

- **Hartjie storie speletjie:** Druk of skryf hartjies op papier met verskillende boodskappe op. Gee vir elke groep of persoon so paar van die papier hartjies met die boodskappies op. Hulle moet die boodskappe gebruik om 'n storie te vertel van God se liefde vir ons.

**Moontlike boodskappe om te gebruik (Wees kreatief en maak jou eie op):**

All Mine, Ask Me, Awesome, Be Good, Be True, Cool, Cutie Pie, Dear, Dear One, For You, Heart Of Gold, Hello, Love, How Sweet, Hug Me, I Heart You, I Hope, I Will, I'm Sure, I'm Yours, It's Love, It's True, LOL, Love Ya, Love You, Miss Me, My Love, My Pal, Neat, One I Love, Only You, Call Me, Real Love, Smile, Sweet Talk, Thank You, TLC, Too Sweet, True Love, You Rule, You're Tops

Oor die jare het die hartjies heelwat kreatiewe maniere gehad om "Ek is lief vir jou" te sê. Hulle roteer die sê ding van jaar tot jaar en voeg nuwes by.

Van die bekendes wat julle dalk al gehoor het:

I love you, Be Mine, Call Me, Cupid, Dream, Flirt, Friends 4Ever, I Do, Love Me, Miss You, Soul Mate, Too Cool

**Vraag:**

1. Watter woord boodskappe sal julle op 'n hartjie lekker sit as jy kon?

**Maak dit geestelik**
As God 'n boodskap op 'n hartjie lekkertjie sit, mag dit dalk so klink:

- **Be Mine**

God will hê ons moet Sy liefde aanvaar; Hy roep ons om Syne te wees. Jesaja 43:1 sê: "Maar nou, so sê die Here, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is Myne!"

- **True Love**

God het ons lief met 'n opregte liefde – onvoorwaardelik Jeremia 31:3 sê: Die Here het aan my verskyn uit die verte: "Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid."

- **Love Me**

God wil hê dat ons vir Hom moet lief wees. Lukas 10:27 sê: En Hy antwoord en sê: "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself."

**Sweet Talk**
God se woord, die Bybel, is Sy liefdesbrief aan ons. Psalm 119:103 sê: Hoe soet is U beloftes vir my verhemelte, meer as heuning vir my mond.

- **Call me**

God wil hê dat ons met Hom moet praat. Jeremia 33:3 sê: Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.

**Gesels saam – Maak dit prakties:**

1. Watter woorde dink julle is op mense se harte geskryf?

2. Watter woorde boodskappe dink julle sal God op mense se harte wil skryf?

3. As God Sy woorde op iemand se hart geskryf het, hoe sal dit hulle verander? Hoe sal dit hulle gedagtes, woorde en dade verander?

4. Watter woorde sal jy sê is op JOU hart geskryf?

5. Watter woorde sal jy hierdie week kies om op jou hart te wees as jy dit vir God en ander mense moet wys?

Sluit af in groepe met gebed.

